

21. Leerstellig

21.1 RAPPORT DEPUTATE EENHEID IN VERSKEIDENHEID (Artt 9, 15, 18, 81, 82, 84, 86, 87, 108, 110, 112, 114, 245, 253)

- A. Ds HJP de Beer lewer die Rapport met enkele toeligting.
- B. Die voorsitter, dr DG Breed, tref die ordereëling dat daar geleentheid aan afgevaardigdes vir punt vir punt bespreking van die rapport gegee sal word.
- C. **Besluit:** Punt 6.1.3 word verwys na die Kommissie Leerstellig.
- D. Ds P Venter rapporteer namens die Kommissie Leerstellig. (Kyk ook 20.5 – Beskrywingspunt Streeksinode Pretoria : Riglyne vir onderskeid tussen wesentlike en nie-wesentlike sake.)
- E. Die voorsitter, dr DG Breed, gee die voorsitterskap oor aan die ondervoorsitter, ds SD Snyman (bespreking van pt 6.1.3).
- F. Dr DG Breed neem weer voorsitterskap oor vanaf pt 6.6.3.5.
- G. Ds HS Coetzee maak die volgende Ordevoorstel: Dat die Rapport Eenheid in Verskeidenheid weer aan die orde gestel word en dat uitvoering gegee word aan 7.3.2.
- H. **Besluit:** Ordevoorstel word goedgekeur.
- I. Die uitvoering van pt 7.3.2 tov verwysde Beswaarskrifte 2012 word deur die voorsitter, dr DG Breed, aan die orde gestel waarna hy die vergadering voorgaan in gebed met die ernstige bede vir God se leiding en bystand.
- J. Breedvoerige bespreking volg.
- K. **Besluit:** Punt 8.1 ten opsigte van finansiële implikasies word verwys na die Kommissie vir Finansies.
- L. Ds J van Schaik rapporteer namens die Kommissie vir Finansies.
- M. Ds ASA de Bruyn rapporteer namens Kommissie Leerstellig.

N. RAPPORT

1. Opdrag (Acta 2012:353; F3.1-3.3)

- 3.1 Om in samewerking met plaaslike kerke te bepaal wat die grondliggende redes is waarom daar, ondanks besluite wat kerke gesamentlik geneem het, steeds verskille in standpunte en praktyke bestaan in die sake waarvoor besluite reeds geneem is.
- 3.2 Om die Beswaarskrifte na te gaan en in 2015 te rapporteer.
- 3.3 Om die Sinode te adviseer:
 - 3.3.1 Oor hoe eenheid en verskeidenheid in ons kerke ons missionêre roeping kan dien
 - 3.3.2 wanneer gaan vryheid in verskeidenheid oor in ongehoorsaamheid aan die Woord
 - 3.3.3 wanneer die besluite en optrede van die plaaslike kerk die gemeenakkoord in gedrang bring
 - 3.3.4 wanneer kerklike besluite 'n las plaas op mense se gewetens (NGB, art 32)
 - 3.3.5 hoe die Gereformeerde Kerke verlos kan word van 'n verlamende persepsie van 'n sterwende kerk tot 'n helder beeld van ons missionêre roeping.

Besluit: Kennis geneem.

2. Werkswyse

- 2.1 'n Vraelys wat die sake wat in 3.1 van die opdrag uitgewys word, aanspreek, is aan alle kerke binne die GKSA gestuur. Die antwoorde wat ontvang is, is verwerk en die resultaat in hierdie Rapport deurlopend verreken.

- 2.2 Die Deputate het by verskillende geleenthede verteenwoordigers van sekere Gereformeerde Kerke (op hulle versoek) ontmoet vir spesifieke insette vanuit die kerke se perspektief.
- 2.3 Geskeduleerde werksvergaderings is gehou waartydens onder andere studiestukke deur die Deputate (na aanleiding van 3.3 van die opdrag) voorgehou en bespreek is ter voorbereiding van hierdie Rapport.
- 2.4 Die Voorsitter van die Deputate het op uitnodiging 'n voorlegging gedoen tydens 'n byeenkoms gereël deur Streeksinode Pretoria (Junie 2013) om studie-resultate tot op daardie stadium deur te gee met die versoek tot moontlike verdere insette vanuit die kerke.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.4 kennis geneem.

3. Samestelling van die Rapport

- 3.1 Die uiteindelige resultaat van die studie word in die Rapport weergegee en nie die onderskeie studiestukke in volle besonderhede nie (die volledige studiestukke is wel in Bylae aangeheg).
- 3.2 Daar is gepoog om die resultaat van die studie in praktiese toepasbare riglyne vir kerke, gefundeer op die Skrifwaarhede, belydenisgrondslag en kerkregtelike beginsels, weer te gee.

Besluit: Punte 3.1 en 3.2 kennis geneem.

4. Grondliggende redes bepaal in samewerking met kerke (kyk 3.1 van opdrag)

Uit die resultaat van die ondersoek wat gedoen is (onder andere aan die hand van 'n vraelys en formele ontmoetings met individue/kerke/kerklike vergaderings en ander Deputate) blyk dit dat die volgende grondliggende redes volgens die oordeel van die kerke bestaan

"waarom daar, ondanks besluite wat kerke gesamentlik geneem het, steeds verskille in standpunte en praktyke bestaan in die sake waaroor besluite reeds geneem is":

4.1 *Verskil in Skrifbeskouing/Skrifgesag*

4.1.1 Uiteensetting

Volgens enkele kerke is daar in die GKSA 'n verskil t.o.v. Skrifbeskouing en die erkenning van Skrifgesag. Daar word verwys na die twee uiterstes naamlik fundamentalisme en Skrifkritiek.

Die GKSA het reeds in die verlede baie aandag gegee aan Skrifbeskouing en Skrifgesag (kyk bv Acta 1988:508–510; 2009:504-506).

4.1.2 Bevinding

Indien dit blyk dat daar inderdaad verskille bestaan met betrekking tot Skrifbeskouing en Skrifgesag, kan kerke en meerdere vergaderings indringend aandag gee aan die resultate van studies wat reeds in die verband gedoen is. Dit is nie nodig dat verder studie gedoen word oor Skrifbeskouing en Skrifgesag nie.

Besluit: Punte 4.1.1 en 4.1.2 kennis geneem.

4.1.3 Aanbeveling

Dat kerke en meerdere vergaderings deeglik kennis sal neem van bestaande besluite rakende Skrifbeskouing en Skrifgesag en dit in hulle besluite en optrede verreken.

Besluit: Goedgekeur.

4.2 *Verskil in Skrifverklaring/Skrifhantering*

4.2.1 Uiteensetting

Volgens enkele kerke is daar in die GKSA 'n verskil tov Skrifverklaring/Skrifhantering. Kerke verwys na "verskillende interpretasies van Skrifgedeeltes", "elkeen interpreteer die Skrif soos hy/sy dink dit is reg" en sogenaamde "selektiewe Skrifgebruik". Die GKSA het egter in Sinodebesluite reeds in die verlede baie aandag gegee aan Skrifverklaring en Skrifhantering (kyk bv Acta 2009:506-512).

4.2.2 Bevinding

Indien dit blyk dat daar inderdaad verskille bestaan met betrekking tot Skrifverklaring en Skrifhantering, kan kerke en meerdere vergaderings indringend aandag gee aan die resultate van studies wat reeds in die GKSA in die verband gedoen is. Dit is nie nou nodig dat verder studie gedoen word oor Skrifverklaring en Skrifhantering nie.

Besluit: Punte 4.2.1 en 4.2.2 kennis geneem.

4.2.3 Aanbeveling

Dat kerke en meerdere vergaderings deeglik kennis sal neem van bestaande besluite rakende Skrifverklaring en Skrifhantering en dit in hulle besluite en optrede verreken.

Besluit: Goedgekeur.

4.3 *Gebrek aan onderskeid tussen “middelmatige” en “wesentlike” sake*

4.3.1 Uiteensetting

In sowel die skriftelike voorleggings deur kerke asook tydens gespreksgeleenthede, het kerke gestel dat kerklike vergaderings nie in besluite wat geneem word, behoorlik onderskeid maak tussen sake wat “wesentlik” en sake wat “middelmatig” is nie (ook genoem deur sommige “beginselsake en randsake”). Die kerke wat hierdie saak beklemtoon het, het daarop gewys dat mense se gewetens gebind word wanneer oor “middelmatige” sake bindende besluite geneem word.

4.3.2 Bevinding

In die NGB, art 32 word bely dat “alle menslike versinsels en alle wette wat mense sou wil invoer om God te dien en om, op watter manier ook al, die gewetens daardeur te bind en te dwing” verwerp word. Slegs dit “wat kan dien om eendrag en eenheid te bewaar en te bevorder, en om alles in gehoorsaamheid aan God te onderhou” word aanvaar.

Besluit: Punte 4.3.1 en 4.3.2 kennis geneem.

4.3.3 Aanbeveling

Dat die Algemene Sinode aan kerke leiding gee met betrekking tot die onderskeid wat gemaak moet word tussen wesentlike sake en sake waarin mense se gewetens nie gebind mag word nie (kyk 6 van hierdie Rapport).

Besluit: Goedgekeur.

4.4 *Verskil oor gesag van Sinodebesluite*

4.4.1 Uiteensetting

In die voorleggings wat deur sommige kerke aan die Deputate gemaak is, word gestel dat besluite “gegrond op meerderheid van stem en nie God se Woord nie” as gewetensbindend beskou word en daarom word individuele kerke genoop om alternatiewe besluite te neem. Volgens sommige kerke tree die GKSA “sinodokraties” op.

4.4.2 Bevinding

Dit blyk dat daar inderdaad kerke is wat oortuig is dat baie besluite van Sinodes ten onregte die gesag van “ons en die Heilige Gees het besluit” toegedig word. Dié kerke verskil duidelik oor die gesag wat Sinodebesluite sou hê en die gevolglike binding daaraan vir kerke.

Besluit: Punte 4.4.1 en 4.4.2 kennis geneem.

4.4.3 Aanbeveling

Dat die Sinode aan hierdie verskil oor die gesag van Sinodebesluite aandag sal gee deur toe te sien dat die prosedure wat in besluitneming gevolg word tot eenstemmigheid oor die gesag van Sinodebesluite sal lei (kyk 5 en 6 van hierdie Rapport).

Besluit: Goedgekeur.

4.5 *Toepassing van die Kerkorde*

4.5.1 Uiteensetting

Sommige kerke het in voorleggings wat gemaak is gesê “die Kerkorde reël sake wat nie meer relevant is nie en daarom nie deur alle kerke toegepas word nie”; “Die Kerkorde is na ons mening nie in voeling met die uitdagings van ons tyd nie. Dit bevat baie reëls wat nie noodwendig beginsels is wat in die Skrif voorkom nie.”

Ook is die frustrasie geopper dat “Sinode neem te lank om besluite te neem.” Die volgende is ook opgemerk: “Die Deputate moet begrip daarvoor hê dat, weens ons presbiteriale kerkregeringstelsel, dit baie keer gebeur dat die Sinode reaktief optree in plaas van proaktief. Dit het in die verlede gereeld gebeur dat kerke in die kerkverband lank reeds veranderings aangebring het en die Sinode eers daarna ‘n besluit daarvoor geneem het.”

4.5.2 Bevinding

Daar is inderdaad kerke wat ernstige bedenkinge het oor of die Kerkorde (of sommige artikels daarvan) werklik in die kerklike praktyk vandag toepaslik en toepasbaar is.

Besluit: Punte 4.5.1 en 4.5.2 kennis geneem.

4.5.3 Aanbeveling

Dat die Sinode aan die toepasbaarheid/toepaslikheid van die Kerkorde aandag gee (kyk 5.3.3. van hierdie Rapport).

Besluit: Goedgekeur.

4.6 *Verskil oor kerke se selfstandigheid/interafhanklikheid*

4.6.1 Uiteensetting

Sommige kerke het in skriftelike en mondelinge voorleggings aan die Deputate die selfstandigheid en interafhanklikheid van die kerke beklemtoon. Dié kerke stel dat een kerkverband nie beteken dat ons presies eenders moet wees nie. Met ‘n beroep op 1 Kor 12 word gesê: “Ons is nie almal eenders nie, tog is daar ‘n wonderlike eenheid.” Ander merk op: “Die gemeenakkoord word nie deur gemeentes geag nie. Elkeen doen wat reg is in sy eie oë.” ‘n Stadsgemeente stel die volgende: “Ons gemeente bestaan uit ‘n verskeidenheid van kinders, jongmense, volwassenes en seniors wat uit ‘n wye versameling agtergronde kom. Daar bestaan dus ‘n groot en betekenisvolle diversiteit in die gemeente. Dit is vir ons kosbaar en baie belangrik om hierdie diversiteit te akkommodeer.”

4.6.2 Bevinding

Die kerke verskil oor die selfstandigheid/interafhanklikheid van kerke wat binne een kerkverband verkeer.

Besluit: Punte 4.6.2 en 4.6.2 kennis geneem.

4.6.3 Aanbeveling

Dat die Sinode aan hierdie saak aandag gee (kyk 5.3.3.1, 5.3.3.2, 5.4.3.3 van hierdie Rapport).

Besluit: Goedgekeur.

5. **Adviese na aanleiding van opdrag (kyk 3.3 van opdrag)**

5.1 *Hoe eenheid en verskeidenheid in ons kerke ons missionêre roeping kan dien (kyk 3.3.1 van opdrag)*

5.1.1 Uiteensetting

Uit die Skrif is dit duidelik dat die wyse hoe gelowiges in die oë van die wêreld optree, van groot belang is. Die gelowiges se gedrag moet byvoorbeeld volgens die Skrif van so aard wees dat God op die “dag van besoeking” verheerlik sal word (1 Pet 2:11-12). Ongelowige mans kan tot geloof gebring word deurdat die mans hulle gelowige vroue se gedrag sien (1 Pet 3:1-2). Waar gelowiges te midde van verskille (bv taal, kultuur, ens) Christus in eenheid dien, bring dit agting by die mense – ook by ongelowiges (Rom 14:18). Die gedrag van gelowiges tydens eredienste moenie daartoe aanleiding gee dat ongelowiges verkeerde afleidings maak nie (1 Kor 14:23). Dit is verder uit die Skrif duidelik dat in besonder die eenheid van gelowiges onder mekaar van kritiese belang is in die verkondiging van die evangelie aan ongelowiges. Jesus maak byvoorbeeld duidelik dat wanneer daar eenheid onder gelowiges is en hulle mekaar liefhet, dit vir die ongelowiges duidelik is dat die gelowiges sy volgelinge is (Joh 13:35). Uit die eenheid van gelowiges kan die ongelowiges ook veel wys word van die eenheid tussen die drie Persone van die goddelike Drie-eenheid en ook van Jesus Christus se sending na hierdie wêreld (Joh 17:20-23).

Waar gelowiges in eenheid leef, wek dit by die ongelowiges 'n positiewe gesindheid (Hand 2:46-47). Onenigheid in die gemeente kan daartoe lei dat kwaad gesprek word van die goeie wat gelowiges ontvang het (Rom 14:16).

Dit blyk dus dat dit van kritiese belang is dat gelowiges en kerke sorgvuldig sal aandag gee aan die boodskap wat hulle gedrag in die wêreld uitstuur. In die uitvoering van ons missionêre roeping is dit van kritiese belang dat die wêreld duidelik die eenheid wat ons in Christus het, sien.

Uit geskiedenis is dit duidelik dat tydens meerdere vergaderings dikwels 'n beeld van onenigheid binne die GKSA, na buite uitgedra word.

Beswaarskrifte en Appèlle verdwerg dikwels (vanweë die gewig wat daaraan toegeken word) onregmatig ander uiters belangrike sake op die Agenda. Verskille van afgevaardigdes tydens die meerdere vergaderings is nuuswaardig en daarom word veral hierdie verskille in die pers gerapporteer. Dit dra dan 'n beeld van onenigheid na buite en dit terwyl daar tydens meerdere vergaderings nog altyd oor verreweg die meeste sake groot eenstemmigheid en entoesiasme bestaan het.

Dit gebeur ook soms dat afgevaardigdes tydens meerdere vergaderings met mekaar op 'n wyse verskil wat die eenheid wat ons in Christus het, weerspreek. Hierdie wyse van verskil dra nie slegs 'n beeld van onenigheid oor nie, maar veroorsaak ook dat onenigheid binne die GKSA verdiep en dat soveel aandag gegee word aan verskille dat die roeping om die evangelie uit te dra, op die agtergrond verdwyn.

Die wyse waarop kerke onderlinge verskille met mekaar hanteer, stuur dikwels 'n beeld van onderlinge verdeeldheid na buite. Wanneer kerke verskille nie ordelik en deeglik hanteer nie, maar mekaar byvoorbeeld beskuldig van "liberalisme", "verkramptheid", of dat die ander kerk "Skrikkrities" of "fundamentalisties" is, word daar beslis nie 'n boodskap van eenheid aan ongelowiges oorgedra nie en word dit 'n duidelike struikelblok in die uitvoering van die kerk se missionêre roeping.

5.1.2 Bevinding

5.1.2.1 Die wyse hoe ons kerke voor die oë van die ongelowiges optree in die uitvoering van ons missionêre roeping, is van groot belang.

5.1.2.2 Die wyse waarop verskille (onder andere in die media) gerapporteer word, is van belang in die vorming van standpunte oor eenheid in verskeidenheid binne die GKSA.

5.1.2.3 Die eenheid van kerke onder mekaar is van kritiese belang in die verkondiging van die evangelie aan ongelowiges.

5.1.2.4 Die wyse waarop kerke in verskille met mekaar omgaan, is van kritiese belang in die verkondiging van die evangelie aan ongelowiges.

Besluit: Punte 5.1.1 tot 5.1.2.4 kennis geneem.

5.1.3 Aanbeveling

5.1.3.1 Dat die Sinode aandag gee aan die wyse hoe kerke verskille behoort te hanteer, sodat die eenheid en verskeidenheid die missionêre roeping van die kerke kan dien (kyk 5.3 en 6 van hierdie Rapport).

Besluit: Goedgekeur.

5.1.3.2 Dat die Sinode aandag gee aan pro-aktiewe skakeling met die media ten einde mee te werk tot uitdra van 'n gebalanseerde beeld van die GKSA.

Besluit: Goedgekeur (wysiging reeds aangebring – Deputate Handeling).

5.1.3.3 Dat die Sinode aandag gee aan die rol wat verskeidenheid binne die kerke speel in die opbou van die eenheid van die kerke en die uitleef van ons missionêre roeping.

Besluit: Goedgekeur (wysiging reeds aangebring – Deputate Handeling).

5.2 *Wanneer vryheid in verskeidenheid oorgaan in ongehoorsaamheid aan die Woord (kyk 3.3.2 van opdrag)*

5.2.1 Uiteensetting

Die feit dat "regeerders van die kerk ... noukeurig moet oppas om nie af te wyk van wat Christus, ons enigste Meester, vir ons ingestel het nie" (NGB, art 32), hou enersyds in dat menslike versinsels en alle wette wat mense sou wil invoer om God te dien en om, op watter manier ook al, die gewetens daardeur te bind en te dwing,

verwerp moet word. Andersyds hou dit natuurlik ook in dat “regeerders van die kerk” ook nie ongehoorsaamheid aan wat Christus in sy Woord leer, as “vryheid in verskeidenheid” mag reken nie. Gelowiges en kerke mag nie toegelaat word om onder die dekmantel van vryheid in verskeidenheid in wesentlike sake af te wyk nie. Die hele wyse waarop God deur ons gediën moet word, is in die Skrif breedvoerig beskrywe en niemand, selfs nie die apostels nie, mag anders leer as wat ons reeds deur die Heilige Skrif geleer word nie (NGB, art 7).

5.2.2 Bevinding

Omdat Christus die enigste Hoof van die kerk is (Ef 1:22), is dit belangrik dat daar met groot sorg toegesien word dat besluite van kerklike vergaderings gehoorsaam is aan dit wat Christus in sy Woord leer en eis. Sou dit so wees dat sulke besluite wel geneem is, en kerke eien hulle steeds die sogenaamde “vryheid in verskeidenheid” toe om van hierdie besluite af te wyk, gaan hierdie “vryheid in verskeidenheid” oor in ongehoorsaamheid aan Christus.

Besluit: Punte 5.2.1 en 5.2.2 kennis geneem.

5.2.3 Aanbeveling

5.2.3.1 Dat die Sinode indringend aandag gee aan ‘n wyse waardeur kerke/kerklike vergaderings mekaar net aan die Woord van die Here en die Belydenis bind en so verseker dat besluite wel neerkom op gehoorsaamheid aan Christus.

Besluit: Goedgekeur (wysiging reeds aangebring – Deputate Handeling).

5.2.3.2 Dat daar in besluite wat gegrond is op wat Christus in sy Woord leer en eis, vir kerke geen sogenaamde “vryheid in verskeidenheid” sal bestaan nie.

Besluit: Goedgekeur.

5.3 *Wanneer besluite en optrede van die plaaslike kerk die gemeenakkoord in gedrang bring (kyk 3.3.3 van opdrag)*

5.3.1 Uiteensetting

Die woord “gemeenakkoord” vind sy oorsprong in die Nederlandse woord “gemeen accoord”. Hierdie woord kom voor in spesifieke artikels van verskillende Kerkordes wat handel oor die onderlinge ooreenkoms tussen kerke en hoe sodanige ooreenkomste dan gewysig kan word. Die Afrikaanse Kerkorde-artikel (86) het “gemeen accoord” met die woorde “algemene stemme” vervang. Die betekenis van “algemene stemme” dui aan dit wat deur almal goed gevind word, deur almal aanvaar is, deur algemene stemme (gemeenakkoord) hulle eie gemaak is.

Binne die GKSA kom die gemeenakkoord tov twee sake baie pertinent aan die orde nl die Belydenis en die Kerkorde. Daar word dan verwys na die akkoord van geloof (Belydenis/Konfessie) en die akkoord vir kerkregering (Kerkorde). Wanneer ‘n kerk (dmv sy afgevaardigdes) sou weier om hom neer te lê by die belydenis of hom te hou by die kerkordelike bepalings, sou sodanige kerk die gemeenakkoord in gedrang bring.

Wat die praktyk betref is daar sommige kerke wat beweer dat ander kerke die gemeenakkoord in gedrang bring. Volgens dié kerke word daar egter nie deur hulle van die beginsels van die Belydenis of Kerkorde afgewyk nie. Dit is duidelik dat daar by kerke nie altyd eenstemmigheid is oor wat die grondbeginsels van die Belydenis en/of die onderskeie Kerkorde-artikels is nie.

5.3.2 Bevinding

Die gemeenakkoord word deur die plaaslike kerk in gedrang gebring wanneer:

5.3.2.1 Die optredes/besluite/standpunte van ‘n plaaslike kerk teen die belydenis ingaan, sonder dat die optredes/besluite/standpunt van die genoemdes eers aan die toepaslike kerklike oordeel volgens Skrif en Belydenis onderwerp is (soos onderneem in die ondertekeningformulier vir ampsdraers).

5.3.2.2 Die optredes/besluite/standpunte van ‘n plaaslike kerk teen besluite van meerdere vergaderings ingaan, sonder dat die optredes/besluite/standpunte eers aan die toepaslike kerklike oordeel volgens Skrif en Belydenis onderwerp is.

5.3.2.3 Die optredes/besluite/standpunte van ‘n plaaslike kerk duidelik die grondbeginsels van die Kerkorde tersyde stel.

Daar moet egter gewaak word om formalisties elke afwyking van die Kerkorde sonder meer met verbreking van die gemeenakkoord te vereenselwig. Waar optredes/besluite/standpunte van 'n plaaslike kerk wel die grondbeginsels van 'n artikel van die Kerkorde in gedrang bring, en die kerk, nadat meerdere vergaderings volgens die tersaaklike Kerkorde-artikels opgetree het, hierin volhard, verbreek die kerk die gemeenakkoord en tree die kerk *de facto* uit die kerkverband.

- 5.3.2.4 Om te voorkom dat elke afwyking van die Kerkorde formalisties as 'n verbreking van die gemeenakkoord beskou word, moet duidelikheid en eenstemmigheid bestaan oor wat die betrokke grondbeginsels van die ter saaklike artikel/s sou wees.

Besluit: Punte 5.3.1 tot 5.3.2.4 kennis geneem.

5.3.3 Aanbeveling

- 5.3.3.1 Dat die Sinode Deputate benoem om die bestaande Kerkorde sodanig toe te lig dat by elke artikel, sowel die beginsels wat grondliggend daaraan is, as die praktiese implikasies van die beginsels, uitgelig en omlin word.
- 5.3.3.2 Dat die Sinode beklemtoon dat die onus in die eerste plek op die plaaslike kerke rus om sake/besluite/praktyke waarin hulle dit noodsaaklik ag om enigsins af te wyk van die Kerkorde, aan die oordeel van meerdere vergaderings te onderwerp om te help bepaal of die grondbeginsels van die Kerkorde in gedrang gebring word, al dan nie.

Besluit: Punte 5.3.3.1 en 5.3.3.2 goedgekeur.

5.4 *Wanneer kerklike besluite 'n las plaas op mense se gewetens (kyk 3.3.4 van opdrag)*

5.4.1 Uiteensetting

Die gewete is 'n diep geestelike bewussyn van 'n mens dat sy houding of daad reg of verkeerd is. 'n Mens se gewete kan hom pla (1 Sam 24:6), aankla (1 Kor 4:4), veroordeel (1 Joh 3:20-21) of saam met hom getuig (Rom 2:15) en hom verseker dat hy reg opgetree het (2 Kor 1:12). Die gelowige se gewete is 'n gewete voor God en is die werkterrein van die Heilige Gees (Rom 9:1). 'n Skoon gewete bestaan alleen in die versoening met God deur Jesus Christus (Heb 9:14). Dit behoort tot die aard van die kerklike gemeenskap van gelowiges dat daar met mekaar se gewetens rekening gehou word (1 Kor 10:25-29).

In die NGB, art 32 word uitdruklik bely dat "alle menslike versinsels en alle wette wat mense sou wil invoer om God te dien en om, op watter manier ook al, die gewetens daardeur te bind en te dwing", verwerp word en dat slegs dit aanvaar word "wat kan dien om eendrag en eenheid te bewaar en te bevorder, en om alles in gehoorsaamheid aan God te onderhou." Hierdie belydenis dat gelowiges se gewetens nie gebind mag word deur dit wat Christus nie ingestel het nie, is op die Skrif gegrond. In Romeine 14-15 maak die apostel Paulus dit byvoorbeeld baie duidelik dat mense in die gemeente wat oortuig was dat hulle sekere voedsel nie mag eet nie (of wel mag eet) en dat hulle sekere dae moes onderhou (of nie), die vryheid moes hê om volgens hulle gewete op te tree. Dit is uit die Skrif en Belydenis duidelik dat die bind van gewetens as ongehoorsaamheid aan God beskou moet word.

Kerklike besluite plaas 'n las op mense se gewete (ook genoem gewetensbinding), wanneer besluite aan die gelowiges dit opdrag om iets te glo of nie, te doen of nie, wat nie op God se Woord gegrond is nie, of wat in stryd met God se Woord sou wees.

Gewetensvryheid is wanneer ruimte gelaat word om te glo en/of te doen soos wat die gewete sou voorskryf. Wie egter gewetensvryheid sien as 'n reg om sonder verrekening van medegelowiges of die kerk se oordeel oor wat reg en verkeerd is, self te besluit en daarvolgens op te tree, loop die gevaar van eiewillige individualisme. In die kerklike lewe beteken gewetensvryheid dat in alles wat die diens aan God raak, die gelowige vry is van menslike versinsels en net aan God se Woord gebind is (NGB, art 32).

Een van die maniere waarop verhinder word dat gewetensbinding plaasvind, is om 'n kerklike weg tot hersiening van kerklike besluite daar te stel (KO, artt 31 en 46). Dit neem egter nie die frustrasie weg dat die kerklike weg soms langsaam is en selfs uitgeput kan raak nie (kyk 4.5 van hierdie Rapport).

5.4.2 Bevinding

- 5.4.2.1 Gewetensbinding vind plaas wanneer besluite menslike versinsels en wette is, wat ingevoer word om God te dien.
- 5.4.2.2 Gewetensbinding vind nie plaas wanneer besluite eendrag en eenheid bewaar en bevorder, en hierdie besluite in gehoorsaamheid aan God onderhou kan word nie.
- 5.4.2.3 Gewetensvryheid is nie 'n reg om sonder verrekening van medegelowiges of die kerke se oordeel, self te besluit en daarvolgens op te tree nie.
- 5.4.2.4 Kerklike vergaderings behoort met groot sorg daarteen te waak om nie met besluite gewetens te bind nie.

Besluit: Punte 5.4.1 tot 5.4.2.4 kennis geneem.

5.4.3 Aanbeveling

- 5.4.3.1 Dat kerklike vergaderings met groot sorg daarteen waak om nie met besluite gewetens te bind nie.
- 5.4.3.2 Dat die Algemene Sinode uit die Skrif die nodige praktiese riglyne gee om gewetensbinding deur besluite te voorkom (kyk 6 van hierdie Rapport).
- 5.4.3.3 Dat die Sinode daarop wys dat kerke nie individualisties eiewillig moet optree wanneer hulle oordeel dat hulle gewetens gebind word deur die besluite van meerdere vergaderings nie. Kerke moet verskille volgens die kerklike weg (KO, artt 31 en 46) aan ander kerke voorlê.

Besluit: Punte 5.4.3.1 tot 5.4.3.3 goedgekeur.

5.5 *Hoe die Gereformeerde Kerke verlos kan word van 'n verlamme persepsie van 'n sterwende kerk tot 'n helder beeld van ons missionêre roeping (kyk 3.3.5 van opdrag)*

5.5.1 Uiteensetting

Die opdrag van die Sinode gee te kenne dat daar 'n persepsie (beeld) binne die kerke bestaan dat die GKSA 'n sterwende kerk is. Hierdie persepsie word onder andere deur die volgende versterk: Strydpunte wat tans heers (tussen asook binne sommige kerke) wat op die oog af nie Skriftuurlik hanteer word nie; jaarlikse afname in getalle; negatiewe beriggewing rakende die GKSA in die openbare media; gebrekkige inligting binne kerkverband rakende kerke se getroue roepingsvervulling. Die gevolg van hierdie persepsie en die versterkende faktore, is dat die oortuiging bestaan dat die GKSA as "sterwende kerk" nie effektief sy roeping in die wêreld kan vervul nie. Hierdie oortuiging werk verlamme in op die missionêre roepingsgerigtheid van die kerke.

Die bestaan van persepsies beteken nie sonder meer dat dit gegrond is nie. 'n Voorbeeld hiervan is die afleidings uit dalende getalle sonder die inagneming van onder andere emigrasie, die ontvolking van die platteland en kleiner kindertalle. 'n Verdere voorbeeld hiervan is afleidings rakende die GKSA uit beriggewing in die openbare media sonder dat in ag geneem word dat die beriggewing moontlike eensydig, ongegrond, of selfs kwaadwillig kan wees.

5.5.2 Bevinding

Negatiewe persepsies, gegrond of ongegrond, beïnvloed kerke se missionêre gerigtheid.

Besluit: Punte 5.5.1 en 5.5.2 kennis geneem.

5.5.3 Aanbeveling

- 5.5.3.1 Dat kerke die bestaan en impak van negatiewe persepsies in kerk-wees verreken.
- 5.5.3.2 Dat kerke gegronde negatiewe persepsies identifiseer en op 'n kerklike wyse ordelike aanspreek.

- 5.5.3.3 Dat kerke ongegronde negatiewe persepsies identifiseer en die redes daarvoor op 'n kerklike wyse ordelik aanspreek.
- 5.5.3.4 Dat die te benoeme Deputate van die Algemene Sinode gegronde/ongegronde negatiewe persepsies wat die hele kerkverband raak identifiseer en aanbevelings maak.

Besluit: Punte 5.5.3.1 tot 5.5.3.4 goedgekeur (wysiging reeds aangebring – Deputate Handeling).

6. Praktiese advies vir die hantering van sake met inagnome van 4 en 5 van hierdie Rapport

6.1 *Advies in verband met die onderskeid tussen wesentlike en nie-wesentlike sake*

6.1.1 Uiteensetting

Dit is uit die Skrif duidelik dat die eenheid van gelowiges 'n baie belangrike saak is en dat verskille op 'n Bybelse wyse en met die gesindheid van Christus hanteer moet word. Opdragte in hierdie verband kom feitlik in elke boek van die Nuwe Testament voor (vgl Ef 4:3; 1 Kor 12:13; 2 Kor 13:11; Gal 5:22; Fil 2:2; 1 Tess 5:13; Kol 3:15).

Wanneer Paulus in Romeine 14 en 15 handel oor die onderhouding van dae en die eet van kos, vereis hy van die kerk in Rome om mekaar in verskille hieroor te verdra en nie te veroordeel of te verag nie. Dit is duidelik dat Paulus hierdie verskille binne die gemeente as nie wesentlik beskou het nie.

In die brief aan die Galasiërs handel Paulus ook oor die onderhouding van tye (Gal 4:10). Anders as in die brief aan die Romeine, laat Paulus in die Galasiërbrief geen ruimte vir verskille hieroor nie. Hy sê dat hy met betrekking tot die mense wat “dae en maande, feesgeleenthede en jare” wil onderhou, vrees dat hy tevergeefs aan hulle gearbei het (Gal 4:11). Anders as in die Romeinebrief spreek Paulus in die brief aan die Galasiërs 'n situasie aan waar leraars die evangelie vervals het. Hulle het 'n soort wettisisme voorgestaan waarvolgens die onderhouding van die tye as verdienste tot regverdigmaking voor God, voorgehou is. Dit wat hulle verkondig het, was 'n terugkeer na die “minderwaardige en armsalige wettiese godsdienstige reëls.” Hulle verkondiging was direk in stryd met die evangelie waarvolgens die mens alleen deur genade in Christus en sonder werke, verlos word. Dit was 'n ander evangelie as die ware evangelie en dit “terwyl daar geen ander is nie” (Gal 1:8, 9). Daarom veroordeel Paulus dit hier, terwyl hy dit in Rome (waar daar nie sprake is van sulke dwaalleer nie) toelaat.

In Kolossense handel Paulus nie alleen oor die onderhouding van spesifieke tye (Kol 2:16-17 en 4:10) nie, maar ook, soos in Romeine 14-15, oor wat gelowiges mag eet en drink (Kol 2:16-17 en 20-23). Dit is duidelik dat Paulus in die brief aan die gelowiges in Kolossense 'n leer bstry van mense wat baie spesifieke voorskrifte gehad het oor wat geëet en gedrink mag word en watter feeste gevier moes word. Paulus laat ook, anders as in Romeine 14-15, geen ruimte dat gelowiges hierdie leer mag aanvaar nie. In Kol 2:20 sê hy: “Julle het saam met Christus gesterwe en is dus dood vir die wettiese godsdienstige reëls van hierdie wêreld. Waarom lewe julle dan nog asof julle aan hierdie wêreld behoort? Waarom gehoorsaam julle allerhande voorskrifte ...?” Van dié leerstellings sê hy: “Hierdie leerstellings het wel 'n skyn van wysheid met hulle selfgemaakte godsdiens, danige nederigheid en streng beheersing van die liggaam, maar dit het geen waarde vir die beteueling van die sondige drifte nie” (Kol 2: 23). Paulus keur hierdie voorskrifte uitdruklik af omdat mense wat die onderhouding van hierdie voorskrifte voorgestaan het, nie vasgehou het aan die Hoof, Jesus Christus nie (Kol 2:19) – Hy in Wie die volle wese van God beliggaam is (Kol 1:15-20 en 2:9). Hulle het die volkomenheid van die verlossing wat Hy bewerk het, nie erken nie (Kol 1:19-20). Uit Galasiërs en Kolossense is duidelik dat die verskille binne hierdie gemeentes oor wesentlike sake gehandel het omdat dit die leer van die genoegsaamheid van die geloof in Christus as enigste Verlosser in gedrang gebring het.

In Gereformeerde kerkreg word daar erkenning gegee aan 'n onderskeid in die gewig van sake wat op kerklike vergaderings hanteer word, al word die onderskeid dan nie orals presies dieselfde gesien en beskryf nie. Daar word byvoorbeeld in die KO, art 85 van die GKSA verwys na "middelmatige dinge" waaroor kerke in die buiteland wat ander gebruike as ons het, nie veroordeel mag word nie. Sien ook Sinode Dordrecht 1578 (art 23).

Ook in die Westminster Konfessie, art 6, word 'n onderskeid bely, selfs tussen sake wat tog algemeen onderhou moet word. Daar is sake wat "is either expressly set down in Scripture, or by good and necessary consequence may be deduced from Scripture" en sekere sake wat onder andere die regering van die kerk raak, "which are to be ordered by the light of nature and Christian prudence, according to the general rules of the Word."

6.1.2 Bevinding

Dit blyk dat daar Skriftuurlik 'n onderskeid tussen wesentlike en nie-wesentlike sake gemaak kan word.

Besluit: Punte 6.1.1 en 6.1.2 kennis geneem.

6.1.3 Aanbevelings

6.1.3.1 Dat kerklike vergaderings die onderskeid tussen wesentlik en nie-wesentlik in hulle besluitneming oor sake verreken.

6.1.3.2 Dat die volgende as basiese riglyne dien vir die onderskeiding tussen wesentlike en nie-wesentlike sake:

Wesentlike sake

6.1.3.2.1 Sake wat direk uit die Skrif kom en met Skrifberoep gestaaf kan word en/of

6.1.3.2.2 sake wat op grond van direkte Skrifbeginsels uit die Skrif afgelei kan word en/of

6.1.3.2.3 gebruike wat op voorbeeld van die apostels in die Skrif gegrond is.

Nie-wesentlike sake

6.1.3.2.4 Sake wat nie direk/uitdruklik in die Skrif voorgeskryf of afgelei kan word nie en/of

6.1.3.2.5 sake wat nie uit die belydenis afgelei kan word nie en/of

6.1.3.2.6 sake wat nie om noodsaaklike of onvermydelike redes deur almal oral en altyd hoof gehandhaaf te word nie en/of

6.1.3.2.7 sake wat volgens die Skrif en apostoliese gewoonte aan die kerke self oorgelaat is en/of

6.1.3.2.8 sake waarvoor ons moet ooreenkom om kerklik te kan saamleef, maar wat nie die geloof of ware kerk-wees in gedrang bring of die eer van God direk aantas nie.

Besluit: Oor punt 6.1.3 – kyk wysigings by Rapport van die Kommissie – onder by O.

6.2 *Advies met betrekking tot die hantering van nie-wesentlike sake*

6.2.1 Uiteensetting

Omdat daar in Romeine 14:1-15:13 in besonder gehandel word oor verskille binne 'n gemeente met betrekking tot sake wat nie-wesentlik is en Paulus uitdruklik opdragte gee hoe die gemeente hierdie verskille moet hanteer, het die Deputate besondere aandag aan die gedeelte gegee.

Uit die studie van die gedeelte deur die Deputate vir Eenheid in Verskeidenheid blyk die volgende:

6.2.1.1 Oorsigtelike uiteensetting van 'n gedagtestruktuur van Romeine 14:1-15:13

Romeine 14:1-15:13: Gedagtestruktuur

14:1 Twee basiese opdragte aan sterkes in hulle verhouding met die swakkes

14:1a Die sterkes moet die swakkes ontvang (Opdrag A).

14:1b Die sterkes mag die swakkes egter nie net ontvang om hulle te probeer oortuig/ te oordeel nie (Opdrag B).

14:2-12 Die situasie in die gemeente en algemene opdragte die sterkes en swakkes

14:2-4 Die situasie met betrekking tot die eet van kos en opdragte:

- Die sterkes moenie verag nie
Die swakkes moenie veroordeel nie.*
- 14:5-12 Die situasie met betrekking tot die ag van dae en opdragte:
*Die swakkes moenie veroordeel nie
Die sterkes moenie verag nie.*
- 14:13a Oorgangsin gerig op beide groepe:
Moenie oordeel nie.
- 14:14-23 Drie uitbreidings van basiese opdrag B en twee stellings aangaande die verantwoordelikheid van die sterkes ondanks hulle vryheid**
- 14:13b Eerste uitbreiding van die opdrag om nie net ingestel te wees om die swakkes te oortuig/ te oordeel nie (opdrag B):
Moenie hindernisse of struikelblokke in die weg van die swakke lê nie (ingelei deur "oṽ").
- 14:14-15b Beklemtone van die sterkes se verantwoordelikheid – 'n verantwoordelikheid ondanks die vryheid wat hulle in Christus ontvang het:
Die sterkes moet in liefde teenoor die swakkes optree.
- 14:16-18 Tweede uitbreiding van opdrag om nie net ingestel te wees om swakkes te oortuig nie (opdrag B):
Die sterkes moet sorg dat die vryheid in Christus nie 'n slegte naam kry nie (ingelei deur "oṽ").
- 14:19 Derde uitbreiding van die opdrag om nie net ingestel te wees om swakkes te oortuig nie (opdrag B):
Jaag die vrede en opbou na (ingelei deur "oṽ").
- 14:20-22 Beklemtone van die sterkes se verantwoordelikheid – 'n verantwoordelikheid ondanks die vryheid wat hulle in Christus ontvang het:
As die uitleef van vryheid in Christus tot nadeel van die swakke is, moet die sterkes sorg dat hulle vryheid 'n saak tussen hulle en God bly.
- 15:1-13 Uitbreiding van basiese opdrag A en twee seënbedes**
- 15:1 Eerste uitbreiding van opdrag om die swakke aan te neem (Opdrag A):
Die sterkes moet die swakhede dra van hulle wat nie sterk is nie en nie hulleself behaag nie.
- 15:2-3 Motivering waarom die sterkes die swakhede van die swakkes moet dra:
Die sterkes behoort hulle naaste te behaag maar hulle spesifiek te behaag in wat vir hulle goed is en die naaste opbou.
- 15:3b-4 Skrifberoep:
Christus is vir die sterkes 'n voorbeeld.
- 15:5 Seënbede:
Dat God, wat die bron van vrede en standvastigheid is, vir hulle eensgesindheid gee.
- 16:6 Verwagte uitkoms:
Hulle sal God eendragtig verheerlik.
- 15:7 Tweede uitbreiding van die opdrag om die swakke aan te neem (Opdrag A):
Die sterkes moet die swakkes aanneem soos Christus dit gedoen het.
- 15:8-12 Skrifberoep: Jesus Christus is vir die sterkes 'n voorbeeld.
- 15:13a Seënbede:
Dat die God van hoop hulle vervul met blydskap en vrede.
- 15:13b Verwagte uitkoms:
Hulle sal deur die krag van die Heilige Gees volgemaak wees met hoop.

6.2.1.2 'n Duidelike onderskeid tussen gelowiges wat hulle vryheid in Christus goed begryp en gelowiges wat nie insig in hulle vryheid in Christus het nie

Paulus maak in Romeine 14:1 tot 15:13 'n duidelike onderskeid tussen twee groepe gelowiges binne die gemeente.

Die een groep was gelowiges (waarskynlik meestal Christene uit die heidendom) wat hulle vryheid in Christus goed begryp het en in hulle gewetes voor God oortuig was dat hulle vry was om sekere voedsel (waarskynlik vleis wat aan gode geoffer was) te eet en om sekere feesdae (waarskynlik Joodse feesdae) nie meer te onderhou nie. Hierdie mense noem Paulus *sterk*. Met *sterk* verwys hy spesifiek na hulle insig in die vryheid wat Christus vir gelowiges bewerk het.

Hulle was nie in ander opsigte in hulle geloof sterker as die ander groep gelowiges nie. In die lig daarvan dat hierdie groep bestaan het uit gelowiges wat in hulle gewete vry gevoel het om sekere dinge te doen en om sekere dinge na te laat, sou hulle ook beskryf kon word as die **gewete-vryes**.

Die ander groep gelowiges binne die gemeente van Rome was gelowiges (waarskynlik Joodse-Christene en moontlik enkele Christene uit die nie-Jodedom) wat oortuig was dat hulle nie die vryheid gehad het om die betrokke voedsel te eet en om die betrokke feesdae na te laat nie. Hulle was in hulle gewete oortuig dat hulle as deel van hulle heiligmaking gebind was om sekere voedsel nie te eet nie en om sekere feesdae te onderhou.

Paulus noem hulle *swak in die geloof*, waarmee hy spesifiek verwys na die feit dat hulle ten opsigte van voedsel en feesdae nie die vryheid wat Christus bewerk het, behoorlik ingesien het nie. Dit het nie beteken dat hulle in enige ander opsig (bv geloofsekerheid, kennis van hulle volkome regverdigmaking of erns in die stryd teen die sonde) in hulle geloof swakker as die ander groep gelowiges in die gemeente was nie. Omdat hulle nie behoorlike insig gehad het in die vryheid wat Christus bewerk het nie, het hulle hul steeds in hulle gewete gebonde geag om sekere optredes te handhaaf. Hierdie groep sou dus beskryf kon word as die **gewete-gebondenes**.

Om die gemeente in Rome (met sy verskille oor nie-wesentlike sake) te lei dat hulle "die God en Vader van onse Here Jesus Christus eendragtiglik uit een mond kan verheerlik" (Rom 15:6), gee Paulus baie spesifieke opdragte aan sowel die gewete-gebondenes as aan die gewete-vryes.

6.2.1.3 Verantwoordelikhede van die gewete-gebondenes

6.2.1.3.1 Nie die gewete-vryes veroordeel nie

Die gewete-gebondenes word gewaarsku om nie die gewete-vryes te *veroordeel* nie (Rom 14:3, 10). Die gewete-gebondenes moenie, omdat hulle oortuig is dat die gewete-vryes in ongehoorsaamheid aan Christus vir hulleself sekere vryhede toeëien, oordeel dat die gewete-vryes nie ware gelowiges is en tot 'n val sal kom nie. Hulle moet onthou dat ware gelowiges aan God behoort en dat Hy die mense wat in sy diens is, staande hou (Rom 14:4).

6.2.1.3.2 Voor God verantwoord oor eie standpunte

Die gewete-gebondenes word vermaan om werklik in hulle eie gemoed seker te wees van hulle eie opvattinge (Rom 14:5). Hulle moet weet dat hulle met hulle standpunt voor die regterstoel van God sal verskyn (Rom 14:10). Hulle moet seker maak dat hulle in die sake waarin hulle hulleself gebonde ag, werklik tot eer van die Here optree en God daarin dank (Rom 14:6). Die gewete-gebondenes word vermaan om met groot erns onder leiding van die Heilige Gees ondersoek in te stel of hulle opvattinge werklik berus op God se wil (vgl die ooreenkoms tussen Rom 14:6 en 12:1-2) en of hulle nie met hulle standpunte aan hulle eie voorkeure vashou nie.

6.2.1.4 Verantwoordelikhede van die gewete-vryes

6.2.1.4.1 Nie die gewete-gebondenes verag nie

Die gewete-vryes word gewaarsku om nie die gewete-gebondenes te *verag* nie (Rom 14:3, 10). Hulle moenie, omdat die gewete-gebondenes nie behoorlike insig het in die vryheid wat Christus bewerk het nie, neersien op die gewete-gebondenes nie.

6.2.1.4.2 Voor God verantwoord oor eie standpunte

Die gewete-vryes moet werklik in hulle eie gemoed seker wees van hulle eie opvattinge (Rom 14:5) en weet dat hulle met hulle standpunt voor die regterstoel van God sal verskyn (Rom 14:10). Hulle moet seker maak dat hulle in die sake waarin hulle aanvaar dat hulle in Christus die vryheid ontvang het, werklik tot eer van die Here optree en God daarin dank (Rom 14:6).

Die gewete-vryes moet met groot erns onder leiding van die Heilige Gees ondersoek instel of hulle opvattinge werklik berus op God se wil (vgl die ooreenkoms tussen Rom 14:6 en 12:1-2) en of hulle nie eintlik maar net hulle eie voorkeure voorop stel nie.

6.2.1.4.3 Aanvaarding van die gewete-gebondenes

Die gewete-vryes ontvang die opdrag om die gewete-gebondenes werklik as deel van hulle te aanvaar (Rom 14:1a). Hulle moet die gewete-gebondenes aanneem soos Christus hulleself aangeneem het (Rom 15:1). As die swakhede van die gewete-gebondenes 'n las op die gewete-vryes plaas deurdat hulle nie hulle vryheid in Christus ten volle kan uitleef nie, moet hulle hier in bereid wees om die swakhede van die gewete-gebondenes te dra soos wat Christus hierin vir hulle tot voorbeeld is (Rom 15:1-4).

6.2.1.4.4 Verantwoordelikhede teenoor die gewete-gebondenes ondanks die vryheid in Christus

Paulus laat geen twyfel by sy lesers dat gelowiges in Christus die vryheid het om die betrokke voedsel te eet en nie meer die betrokke feesdae te onderhou nie (Rom 14:4). Hy maak egter duidelik dat hulle ondanks hulle vryheid steeds 'n verantwoordelikheid het teenoor die gelowiges in die gemeente wat anders van oortuiging is. Hulle het steeds 'n verantwoordelikheid teenoor hulle wat glo dat hulle in hulle gewete gebonde is om in gehoorsaamheid aan Christus nie die voedsel te eet nie en wel die feesdae te onderhou (Rom 14:14-15 en 14:20-22). Wanneer die gewete-gebondenes in hulle gemoed oortuig is dat iets verkeerd is, dan is dit vir hulle verkeerd en sou hulle sondig as hulle teen hulle gewete optree (Rom 14:14, 23). Gewete-vryes moet daarom nie hindernisse en struikelblokke in die weg van die gewete-gebondenes lê deur daarop aan te dring dat die sterkes se vryheid in Christus voorrang moet geniet nie (Rom 14:13). Hulle moet nie die gevolge ignoreer wat 'n aandrang op die uitoeffening van die vryheid vir die gewete-gebondenes inhou nie (Rom 14:15). As hulle ondanks die swakheid van die gewete-gebondenes aandrang op hulle vryheid in Christus, sal hulle veroorsaak dat vryheid in Christus/die koninkryk van God, 'n slegte naam kry (Rom 14:16-18). Die gewete-vryes moet, as dit nodig is, hulle vryheid in Christus opoffer en so die vrede en die opbou van die gemeente najaag (Rom 14:17).

Dit is liefde wat gewete-vryes moet dring tot bereidheid om ter wille van die gewete-gebondenes nie aan te dring op die uitleef van hulle vryheid in Christus nie (Rom 14:14-15b). Al sou hulle die vryheid wat hulle ontvang het wel opoffer, hoef hulle nie van hul insig in die vryheid in Christus af te sien nie. Hulle kan hul steeds verheug oor hulle insig in die vryheid in Christus (Rom 14:20-22). Waar gelowiges hulle vryheid in Christus kan uitleef sonder dat hulle aan die gewete-gebondenes aanstoot gee, behoort daar vir hulle geen belemmering te wees nie.

6.2.1.5 Gewete-vryes en gewete-gebondenes se vertroue op God

Paulus plaas binne die gedeelte waarin hy oor die verskille binne die gemeente in Rome handel, twee seënbedes (Rom 15:5-6 en 15:13). Hy beklemtoon dat God, wat die bron van vrede, standvastigheid en hoop is (Rom 15:5a en 15:13a), die Een is wat aan hulle eensgesindheid, blydschap en vrede kan gee (Rom 15:5b en 15:13b). Hy is die Een wat dit moontlik kan maak dat die gemeente God eendragtig kan verheerlik (Rom 15:6) en vol hoop kan wees (Rom 15:13c). Sowel die gewete-vryes as die gewete-gebondenes word dus gelei tot biddende afhanklikheid van dié God.

6.2.1.6 Gewete-vryes en gewete-gebondenes se gedeelde verantwoordelikheid

Uit die feit dat Paulus sowel die gewete-vryes as die gewete-gebondenes in die gegewe situasie aanspreek, kan afgelei word dat beide groepe (ondanks hulle meningsverskil) in die eerste plek die gedeelde verantwoordelikheid dra om die eenheid van die kerk (wat die wil van Christus is – Rom 15:5) te bewaar en te bevorder.

Die ideale uitkoms waarna gestrewe word, is 'n kerk wat ons Here Jesus Christus "eendragtig uit een mond kan verheerlik" (Rom 15:6) en 'n kerk wat deur geloof vervul is met blydschap, vrede en oorvloedige hoop (Rom 15:7). Om hierdie uitkoms te bereik moet die gewete-vryes én die gewete-gebondenes al twee:

- 6.2.1.6.1 ootmoedig en biddend tot God nader, in Wie al die "lydsaamheid en bemoediging" te vind is "om eensgesind onder mekaar te wees" (Rom 15:5) en in Wie al die hoop te vind is om "oorvloedig te kan wees in hoop" (Rom 15:13);
- 6.2.1.6.2 hulleself voor God verantwoord oor hulle eie standpunt asof voor die regterstoel van Christus (Rom 14:12), en vir hulleself uitmaak of dit inderdaad 'n standpunt is waaroor elkeen sonder enige twyfel "in sy eie gemoed ten volle oortuig is" (Rom 14:5), omdat alles waaroor daar twyfel bestaan en "wat nie uit die geloof is nie" sonde is (Rom 14:23);
- 6.2.1.6.3 hulle onderskeie standpunte op so 'n wyse hanteer dat God altyd en in alle opsigte daarin geëer en gedank word, "want niemand leef vir homself nie en niemand sterf vir homself nie" (Rom 14:6-8).
- 6.2.1.6.4 die heerskappy van Christus (Rom 14:12) oor mekaar erken deur mekaar primêr vanuit die gedeelde verhouding met God in Christus (en nie vanuit die verskillende standpunte nie) te benader. Die gewete-vrye moet die gewete-gebondene sien as iemand wat ten volle deur God aangeneem is (Rom 14:3) en die gewete-gebondene moet die gewete-vrye sien as iemand wat heeltemal deur God staande gehou word (Rom 14:4);
- 6.2.1.6.5 toesien dat die aandag in die kerk nie (deur verskille en die manier waarop dit hanteer word) afgelei word van die hoofsaak van die koninkryk van God nie, naamlik "geregtigheid en vrede en blydschap in die Heilige Gees" (Rom 14:17);
- 6.2.1.6.6 dit as 'n belangrike roeping sal sien om die voorbeeld van Christus na te volg deur (ook in verskille en die manier waarop dit hanteer word) nie onself te behaag nie, maar ons naaste te behaag "met die oog op wat goed is tot stigting" (Rom 15:2-3). Die belangrike opdragte in Romeine 14:19 om die dinge na te jaag "wat tot vrede en stigting dien" (en wat in die konteks van Romeine 14:1 tot 15:13 primêr aan die gewete-vryes opgedra word) is in die res van die Skrif 'n roeping vir alle gelowiges (vgl 2 Tim 2:22; Heb 12:14; 1 Pet 3:11; 1 Kor 14:12; Ef 4:29). Dit raak in wese alle aktiwiteite wat die *koinoonia* van die kerk kan bevorder. Dit is ook hierin 'n gedeelde verantwoordelikheid van sowel die gewete-vryes as die gewete-gebondenes; dat vrede slegs nagejaag kan word met diegene wat tot vrede bereid is en opbou net kan plaasvind met diegene wat gesamentlik opgebou wil word. Die feit dat "vrede" en "opbou" as opdrag saam gegee word, beteken dat die vrede die opbou moet dien en die opbou die vrede. Die opbou van 'n gemeente geskied volgens Efesiërs 2:20 altyd "op die fondament van die apostels en die profete, terwyl Christus self die hoeksteen is", en dus op grond van die Skrif.

6.2.2 Bevinding

Wanneer gelowiges oor nie-wesentlike sake verskil en sommige in hulle gewete oortuig is dat hulle in Christus die vryheid tot sekere optrede het, en ander oortuig is dat hulle nie in Christus daardie vryheid het nie, dui Romeine 14:1 tot 15:13 'n duidelike weg aan om te volg.

Besluit: Punte 6.2.1 en 6.2.2 kennis geneem.

6.2.3 Aanbevelings

Dat wanneer daar in kerklike vergaderings oor nie-wesentlike sake verskil word en sommige in hulle gewete oortuig is dat hulle in Christus die vryheid tot sekere optrede het (gewete-vryes) terwyl ander oortuig is dat hulle nie in Christus daardie vryheid het nie (gewete-gebondenes), behoort die volgende weg gevolg te word:

- 6.2.3.1 Die gewete-gebondenes moet daarteen waak om nie die gewete-vryes te veroordeel as verlorenes of as gelowiges wat reeds besig is om te struikel nie.

Hulle moet onthou dat ware gelowiges aan God behoort en dat Hy die mense wat in sy diens is, staande hou.

- 6.2.3.2 Die gewete-gebondenes moet aangaande hulle eie opvattinge hulle gewete voor God deeglik ondersoek. Hulle moet seker maak dat hulle in die sake waarin hulle hulleself gebonde ag, werklik tot eer van die Here optree en God daarin dank.
- 6.2.3.3 Die gewete-vryes moenie die gewete-gebondenes *verag* nie (Rom 14:3, 10). Hulle moenie, omdat die gewete-gebondenes na hulle oordeel nie behoorlike insig het in die vryheid wat Christus bewerk het nie, op die gewete-gebondenes neersien nie.
- 6.2.3.4 Die gewete-vryes moet werklik in hulle eie gemoed seker wees van hulle eie opvattinge. Hulle moet seker maak dat hulle in die sake waarin hulle aanvaar dat hulle in Christus die vryheid ontvang het, werklik tot eer van die Here optree en God daarin dank.
- 6.2.3.5 Die gewete-vryes moet die gewete-gebondenes aanneem soos Christus hulle aangeneem het. As die swakhede van die gewete-gebondenes 'n las op die gewete-vryes plaas deurdar hulle nie hulle vryheid in Christus ten volle kan uitleef nie, moet hulle bereid wees om die swakhede van die gewete-gebondenes te dra soos wat Christus hierin vir hulle tot voorbeeld is.
- 6.2.3.6 Al is die gewete-vryes oortuig van hulle vryheid in Christus, het hulle steeds 'n verantwoordelikheid teenoor die gewete-gebondenes. Hulle moet begryp dat, wanneer die gewete-gebondenes in hulle gemoed oortuig is dat iets verkeerd is, is dit vir hulle verkeerd. Die gewete-gebondenes sal sondig as hulle teen hulle gewete optree al is die gewete-vryes in hulle gemoed oortuig dat gelowiges nie in die spesifieke opsig gebonde is nie.
- 6.2.3.7 Die gewete-vryes moenie hindernisse en struikelblokke in die weg van die gewete-gebondenes lê deur aan te dring om die vryheid wat hulle volgens hulle oortuiging in Christus het, uit te leef nie.
- 6.2.3.8 Die gewete-vryes moet begryp dat dit baie slegte gevolge sal hê as hulle die vryheid in Christus waaroor hulle volgens eie oortuiging beskik, uitleef en die gevolge ignoreer wat dit vir die gewete-gebondenes inhou. Hulle sal veroorsaak dat vryheid in Christus/die koninkryk van God 'n slegte naam kry.
- 6.2.3.9 Die gewete-vryes moet in hulle verskil met die gewete-gebondenes vrede en die opbou van die gemeente najaag.
- 6.2.3.10 Juis liefde moet die gewete-vryes dring tot bereidheid om ter wille van die gewete-gebondenes nie aan te dring op hulle vryheid in Christus nie. Hulle kan hulle steeds in hulle verhouding met God verheug omdat hulle in Christus insig het in die vryheid in Christus.
- 6.2.3.11 Sowel die gewete-vryes as die gewete-gebondenes moet in hulle verskille in biddende afhanklikheid hulle vertroue op God stel. Hy is die bron van vrede, standvastigheid en hoop. Hy is die Een wat in die verskil met mekaar eensgesindheid, blydskap en vrede kan gee. Hy is ook die Een wat dit moontlik kan maak dat die gelowiges, ondanks verskille, God eendragtig kan verheerlik en vol hoop kan wees.
- 6.2.3.12 Sowel die gewete-vryes as die gewete-gebondenes moet in hulle optrede hoë prioriteit gee aan en sorg dra vir die handhawing en bevordering van die eenheid van die kerk.
- 6.2.3.13 Sowel die gewete-vryes as die gewete-gebondenes moet in verskille (en die manier waarop dit hanteer word) toesien dat die aandag nie afgelei word van die hoofsaak van die koninkryk van God nie, naamlik "geregtigheid en vrede en blydskap in die Heilige Gees".
- 6.2.3.14 Die opbou van die gewete-vryes en die gewete-gebondenes geskied op grond van die uitleg en die toepassing van die Heilige Skrif (die fondament van die apostels en profete met Christus as hoeksteen).

Besluit: Punte 6.2.3 tot 6.2.3.14 goedgekeur.

6.3 *Advies met betrekking tot die hantering van wesentlike sake*

6.3.1 Uiteensetting

Soos reeds in hierdie Rapport aangedui, word daar in wesentlike sake onvoorwaardelike gehoorsaamheid aan die Hoof van die kerk vereis. In gevalle waar daar 'n verskil is oor 'n wesentlike saak behoort kerke saam biddend uit die Woord uit te maak hoe hulle in die betrokke saak aan Christus gehoorsaam moet wees. Kerke wat in wesentlike sake waarop ooreengekom is, ongehoorsaam is, kom (nadat die kerklike weg enduit sonder oplossing gevolg is) buite kerkverband te staan.

Uit 4 en 5 van hierdie Rapport is dit duidelik dat die wyse waarop die GKSA tans verskille oor sake hanteer, in sekere gevalle nie baie bevredigend is nie. Voorbeelde van die tekortkominge van die huidige wyse is die volgende:

- 6.3.1.1 Die onderskeid tussen wesentlike en nie-wesentlike sake is nie pertinent in besluitneming verreken nie.
- 6.3.1.2 Algemene Sinodes bied as gevolg van oorlaaide agendas en beperkte tyd, nie voldoende geleentheid om wesentlike sake deeglik en diepgaande uit te klaar nie.
- 6.3.1.3 Dit lei daartoe dat besluite oor wesentlike sake met 'n stemming, wat dikwels grootskaalse verdeeldheid wys, afgehandel word. Vanweë die erns van sulke sake en diep oortuigings daaroor, is dit geestelik onbillik om te verwag dat die minderheid daar en dan moet konformeer. Die Bybelse ideaal van eenstemmigheid bly dus in die slag.
- 6.3.1.4 As gevolg van die werklas en geestelike las wat ernstige verskille op Algemene Sinodes plaas, word ander belangrike sake daar verwaarloos en verskille heel dikwels oorgeaksentueer.

6.3.2 Bevinding

Dit is nodig dat kerke, waar daar verskille bestaan en voortduur ten opsigte van wesentlike sake, poog om binne die raamwerk van Gereformeerde kerkregtelike beginsels op 'n spesiale wyse saam uit die Woord uit te maak wat die wil van die Here in die betrokke saak is.

Besluit: Punte 6.3.1 en 6.3.2 kennis geneem.

6.3.3 Aanbevelings

- 6.3.3.1 Dat spesiale Sinodes gehou word volgens besluit van 'n Algemene Sinode wanneer wesentlike sake met 'n ernstige verdelingspotensiaal nie met eenstemmigheid deur die Algemene Sinodes afgehandel/opgelos kon word nie om dan deur voortgaande studie en oorweging, die sake tot eenstemmigheid te bring en so af te handel of op te los.

Besluit: Goedgekeur.

- 6.3.3.2 Streeksinodes wys afgevaardigdes vir hierdie moontlike Sinodes voor elke Algemene Sinode aan, naamlik vier predikante en vier ouderlinge sowel as die nodige sekundi.

Besluit: Goedgekeur (wysiging reeds aangebring – Deputate Handeling).

- 6.3.3.3 'n Spesiale Sinode konstitueer die eerste keer onder leiding van die Voorsitter en Skriba van die vorige Algemene Sinode waarna die vergadering 'n eie Moderamen aanwys vir hantering van verwysde sake vanaf die Algemene Sinode.

Besluit: Goedgekeur.

- 6.3.3.4 Spesiale Sinodes vergader so dikwels en so lank as wat dit nodig is vir die afhandeling van hulle opdrag en gee op 'n gepaste manier aan lidmate, gemeentes en kerke waarmee ons ekumeniese eenheid of bande het, geleentheid om voorleggings te maak mbt sake ter tafel.

Besluit: Goedgekeur (wysiging reeds aangebring – Deputate Handeling).

- 6.3.3.5 Spesiale Sinodes handel verwysde sake af sodra daar eenstemmigheid oor 'n saak/sake bereik is en stel die kerke daarvan in kennis.

Besluit: Goedgekeur.

6.3.3.6 Die Spesiale Sinodes wys Deputate aan, om waar kerke wat besonderlik deur die besluite van die Spesiale Sinodes geraak word, indien so versoek, die besluite te gaan toelig.

Besluit: Goedgekeur.

6.4 Dat die aanbeveling oor die verskeidenheid binne die kerke en die rol wat dit kan speel tot opbou van die eenheid en die uitleef van ons missionale roeping verwys word na die Deputate Omkeerstrategie (Kerkgroeibediening).

Besluit: Goedgekeur (wysiging reeds aangebring – Deputate Handeling).

7. Opdrag 3.2: “Om die Beswaarskrifte na te gaan en in 2015 te rapporteer”

7.1 Uiteensetting

Die verwysde Beswaarskrifte het tydens die sitting van Algemene Sinode 2012 gedien. Dit is na onderskeie Kommissies verwys wat Kommissierapporte opgestel en aan die Sinode vir besluitneming beskikbaar gestel het. Die Sinode het egter op grond van ‘n Ordemosie nie die Kommissierapporte en die tersaaklike Beswaarskrifte afgehandel nie vanweë vraagstukke soos weergegee in 3.3 van die mosie. Hierdie Beswaarskrifte en Kommissierapporte is na hierdie Deputate verwys om dit na te gaan en daarvoor te rapporteer. In die lig van die studie, die bevindings en adviese/aanbevelings waartoe hierdie Deputate gekom het, is die Beswaarskrifte en Kommissierapporte nagegaan en blyk dat die besware juis oor die soort sake gaan wat deur die aanbevelings van hierdie Rapport geraak word.

7.2 Bevinding

Die verwysde Beswaarskrifte kan alleen afgehandel word nadat die Algemene Sinode 2015 oor 4 tot 6 van hierdie Rapport geoordeel het.

Besluit: Punte 7.1 en 7.2 kennis geneem.

7.3 Aanbeveling

7.3.1 Dat indien die aanbevelings in 4 tot 6 goedgekeur word, die verwysde Beswaarskrifte volgens dié tersaaklike besluite hanteer word.

Besluit: Goedgekeur.

7.3.2 Dat die Sinode met goedkeuring van 7.3.1 oordeel of die sake wesentlik of nie-wesentlik is.

7.3.2.1 Indien die sake wesentlik is, moet die Sinode oordeel (kyk 6.3.3 van hierdie Rapport):

- a. of die sake ernstige verdelingspotensiaal het,
- b. of Algemene Sinodes in die verlede eenstemmigheid oor die sake kon bereik,
- c. of die sake in die lig van bogenoemde na ‘n Spesiale Sinode verwys word.

7.3.2.2 Indien die sake nie-wesentlik bevind word, moet die Sinode:

- a. oordeel wie in hierdie sake die gewete-vryes en die gewete-gebondenenes is (kyk 6.2.1.2 van hierdie Rapport).
- b. die aanbevelings na aanleiding van Rom 14 en 15 toepas (kyk 6.2.3 van hierdie Rapport) en die Beswaarskrifte afhandel.

Besluit:

a. Dat verwysde Beswaarskrifte wesentlik is.

b. Dat die saak ernstige verdelingspotensiaal het.

c. Dat die Beswaarskrifte bevestig dat die Algemene Sinode nie in die verlede eenstemmigheid bereik het nie.

d. Dat die sake in die lig van bogenoemde besluite (a en b) na ‘n Spesiale Sinode verwys word en dat Kommissie Leerstellig die vergadering sal adviseer oor:

- 1. die verdere hantering van Beswaarskrifte by Sinode 2015 oor hierdie selfde saak en**
- 2. ‘n manier waarop so spoedig moontlik ‘n wettige Spesiale Sinode saamgestel kan word.**

8. Ten opsigte van Finansiële Implikasies

8.1 Aanbeveling

Indien die Sinode 5.3.3.1 en/of 6.3.3.1 van hierdie Rapport goedkeur, die finansiële implikasies na die betrokke Deputate/Sinode verwys word wat dit in samewerking met die Administratiewe Buro hanteer.

Besluit: Goedgekeur.

O. RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE (oor pt 6.1.3)

1. Opdrag

Om die bewoording van Rapport Deputate Eenheid in Verskeidenheid (21.1) se bewoording by pt 6.1.3 te vervang met die bewoording van Beskrywingspunt Streeksinode Pretoria: Riglyne vir onderskeid tussen wesentlike en nie-wesentlike sake se pte 1.1. en 1.2 (20.5).

Besluit: Kennis geneem.

2. Beredenering

Die opdrag was om 'n sinvolle vervanging van die woorde by pt 6.1.3 met pt 1.1.1 hieronder te formuleer in die lig van bespreking en voorstelle deur die Sinode.

2.1 Huidige bewoording

6.1.3 Aanbevelings

6.1.3.1 Dat kerklike vergaderings die onderskeid tussen wesentlik en nie-wesentlik in hulle besluitneming oor sake verreken.

6.1.3.2 Dat die volgende as basiese riglyne dien vir die onderskeiding tussen wesentlike en nie-wesentlike sake:

Wesentlike sake

6.1.3.2.1 Sake wat direk uit die Skrif kom en met Skrifberoep gestaaf kan word en/of

6.1.3.2.2 sake wat op grond van direkte Skrifbeginsels uit die Skrif afgelei kan word en/of

6.1.3.2.3 gebruike wat op voorbeeld van die apostels in die Skrif gegrond is.

Nie-wesentlike sake

6.1.3.2.4 Sake wat nie direk/uitdruklik in die Skrif voorgeskryf of afgelei kan word nie en/of

6.1.3.2.5 sake wat nie uit die belydenis afgelei kan word nie en/of

6.1.3.2.6 sake wat nie om noodsaaklike of onvermydelike redes deur almal oral en altyd hoof gehandhaaf te word nie en/of

6.1.3.2.7 sake wat volgens die Skrif en apostoliese gewoonte aan die kerke self oorgelaat is en/of

6.1.3.2.8 sake waarvoor ons moet ooreenkom om kerklik te kan saamleef, maar wat nie die geloof of ware kerk-wees in gedrang bring of die eer van God direk aantast nie.

2.2 Vervang met

1.1 Wesentlike sake

1.1.1 Sake (oortuigings, leerstellings, gebruike, ordereelings) wat direk uit die Skrif kom en met Skrifberoep gestaaf kan word.

1.1.2 Sake wat op grond van direkte Skrifbeginsels uit die Skrif afgelei kan word.

1.1.3 Sake (gebruike) wat op 'n normatiewe voorbeeld van die apostels gegrond is.

1.1.4 Sake wat die volgende "gewigte" dra:

1.1.4.1 wat die waarheid van die Woord raak;

1.1.4.2 wat die geloof in God raak;

1.1.4.3 wat in die Belydenis uitgedruk is;

1.1.4.4 wat nougesette en daadwerklike gehoorsaamheid aan die Here raak;

- 1.1.4.5 wat om ernstige, noodsaaklike en onvermydelike redes van krag moet wees.
- 1.1.5 Dit kom neer op sake wat uit die aard daarvan, of in die manier waarop dit gemotiveer of gebruik word, die eer van God, of die verlossing van die mens, of ware kerk-wees direk raak of in gedrang kan bring.

1.2 *Nie-wesentlike sake*

- 1.2.1 Sake wat nie direk/uitdruklik in die Skrif voorgeskryf is of daaruit afgelei kan word nie.
- 1.2.2 Sake wat nie uitdruklik in die Belydenisskrifte vermeld word of uit die Belydenisskrifte afgelei kan word nie.
- 1.2.3 Sake wat nie om noodsaaklike of onvermydelike redes deur almal oral en altyd hoef gehandhaaf te word nie.
- 1.2.4 Sake wat volgens die Skrif en apostoliese gewoonte aan die kerke self oorgelaat is.
- 1.2.5 Sake waaroor ons moet ooreenkom om kerklik te kan saamleef, maar wat nie die eer van God of die verlossing van die mens of ware kerk-wees direk raak of in gedrang kan bring nie.

Die Kommissie het 2 afgevaardigdes aangehoor en sommige van die voorstelle van die Sinode in gedagte gehou en oordeel ook dat die uitbreiding van die Beskrywingspunt onder pte 1.1.4 tot 1.1.5 onnodig is en weggelaat kan word.

Besluit: Kennis geneem.

3. Aanbeveling

Dat pt 1.1.1 soos volg gewysig word en die bewoording van pt 6.1.3 volledig vervang. (Voorgestelde veranderings in vet gedruk en weglatings aangedui.)

1.1 *Wesentlike sake*

- 1.1.1 Sake wat direk uit die Skrif kom en met Skrifberoep gestaaf kan word.
- 1.1.2 Sake wat op grond van direkte Skrifbeginsels uit die Skrif afgelei kan word.
- 1.1.3 wat in die Belydenis uitgedruk is.
- ~~1.1.4 Sake wat die volgende "gewigte" dra:~~
 - ~~1.1.4.1 wat die waarheid van die Woord raak;~~
 - ~~1.1.4.2 wat die geloof in God raak;~~
 - ~~1.1.4.4 wat nougesette en daadwerklike gehoorsaamheid aan die Here raak;~~
 - ~~1.1.4.5 wat om ernstige, noodsaaklike en onvermydelike redes van krag moet wees.~~
- ~~1.1.5 Dit kom neer op sake wat uit die aard daarvan, of in die manier waarop dit gemotiveer of gebruik word, die eer van God, of die verlossing van die mens, of ware kerk-wees direk raak of in gedrang kan bring.~~

1.2 *Nie-wesentlike sake*

- 1.2.1 Sake wat nie direk/uitdruklik in die Skrif voorgeskryf is of daaruit afgelei kan word nie.
- 1.2.2 Sake wat nie uitdruklik in die Belydenisskrifte vermeld word of uit die Belydenisskrifte afgelei kan word nie.
- 1.2.3 Sake wat nie om noodsaaklike of onvermydelike redes deur almal oral en altyd hoef gehandhaaf te word nie.
- 1.2.4 Sake wat volgens die Skrif en apostoliese gewoonte aan die kerke self oorgelaat is.

- 1.2.5 Sake waaroor ons moet ooreenkom om kerklik te kan saamleef, maar wat nie die eer van God of die verlossing van die mens of ware kerk-wees **direk** raak of in gedrang kan bring nie.

Besluit: Goedgekeur met volgende wysigings: Toevoeging van 6.1.3.1 en 6.1.3.2 van die oorspronklike Rapport (wysigings reeds aangebring – Deputate Handeling).

6.1.3.1 Dat kerklike vergaderings die onderskeid tussen wesentlik en nie-wesentlik in hulle besluitneming oor sake verreken.

6.1.3.2 Dat die volgende as basiese riglyne dien vir die onderskeiding tussen wesentlike en nie-wesentlike sake:

Wesentlike sake

6.1.3.2.1 Sake wat direk uit die Skrif kom en met Skrifberoep gestaaf kan word en/of

6.1.3.2.2 sake wat op grond van direkte Skrifbeginsels uit die Skrif afgelei kan word en/of

6.1.3.2.3 gebruike wat op voorbeeld van die apostels in die Skrif gegrond is.

Nie-wesentlike sake

6.1.3.2.4 Sake wat nie direk/uitdruklik in die Skrif voorgeskryf of afgelei kan word nie en/of

6.1.3.2.5 sake wat nie uit die belydenis afgelei kan word nie en/of

6.1.3.2.6 sake wat nie om noodsaaklike of onvermydelike redes deur almal oral en altyd hoof gehandhaaf te word nie en/of

6.1.3.2.7 sake wat volgens die Skrif en apostoliese gewoonte aan die kerke self oorgelaat is en/of

6.1.3.2.8 sake waaroor ons moet ooreenkom om kerklik te kan saamleef, maar wat nie die geloof of ware kerk-wees in gedrang bring of die eer van God direk aantast nie.

P. RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE

1. Opdrag

Om die Sinode te adviseer oor:

1.1 Die verdere hantering van die Beswaarskrifte wat deur Sinode 2012 na die Deputate Eenheid en Verskeidenheid verwys is asook die twee Beswaarskrifte van die Gereformeerde Kerke Potchefstroom-Die Bult en Krugersdorp wat oor dieselfde saak handel en by hierdie Sinode dien.

1.2 'n Manier waarop daar so spoedig moontlik 'n Spesiale Sinode opgeroep kan word.

Besluit: Punte 1.1 en 1.2 kennis geneem.

2. Aanbeveling

2.1 Al die tersaaklike Beswaarskrifte handel oor die vrou in die besondere dienste. In die lig daarvan dat die Sinode besluit het dat die saak van die vrou in die besondere dienste 'n wesentlike saak is, word aanbeveel dat al die Beswaarskrifte na die Spesiale Sinode verwys word.

Besluit: Goedgekeur (wysiging reeds aangebring – Deputate Handeling).

2.2 Die volgende word aanbeveel met betrekking tot die oproep van die Spesiale Sinode:

2.2.1 Dat die onderskeie Streeksinodes die nodige afvaardiging sal doen volgens eie reëlings vir die Spesiale Sinode Julie 2015.

Besluit: Goedgekeur (wysiging reeds aangebring – Deputate Handeling).

2.2.2 Dat afgesien van die primus afgevaardigdes ook 8 sekundi afgevaardigdes aangewys word. (Afgevaardigdes moet bewus gemaak word van die moontlike lang tydsduur van die Spesiale Sinode).

Besluit: Goedgekeur.

- 2.2.3 Die Sinode versoek die Gereformeerde Kerk Potchefstroom om in samewerking met die Administratiewe Buro, as roepende en korresponderende kerkraad vir die Spesiale Sinode op te tree.

Besluit: Goedgekeur (wysiging reeds aangebring – Deputate Handeling).

Q. RAPPORT VAN DIE FINANSIËLE KOMMISSIE

1. Opdrag

21.1 Rapport Eenheid in Verskeidenheid, pt 8.1.

Die Algemene Sinode het besluit om 'n Spesiale Sinode te hou. Die finansiële implikasies is na die Finansiële Kommissie verwys.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

2.1 *Waarvoor word begroot?*

2.1.1 Reiskoste

2.1.1.1 Die omvang van die reiskoste word bepaal deur wie die afgevaardigdes gaan wees.

2.1.1.2 Ons stel voor dat Streeksinodes hiervoor begroot en dit self vergoed.

2.1.2 Verblyf en etes

2.1.3 Drukwerk en vertaling in Engels.

2.1.4 Vertalers tydens die Sinode.

2.1.5 Na skatting kan die raming ongeveer R6.00 per belydende lidmaat per jaar wees.

2.1.5.1 Die beraamde kostes vir Sinode 2015 is R1.6 miljoen. Dit is R715 per afgevaardigde per dag vir 8 dae.

2.1.5.2 $R715 \times 56$ afgevaardigdes = R40 040 per dag.

2.1.5.3 R6 per belydende lidmaat in ramings vanaf 01-07-2015 sal R300 000 per jaar beskikbaar stel.

2.1.5.4 Vir 'n Spesiale Algemene Sinode van 7 dae per jaar, sal die kostes R280 000 beloop.

2.1.6 Die beplanningskommissie vir die Spesiale Algemene Sinode word versoek om gebruik te maak van moderne tegnologie in hul vergaderingmetodes.

2.2 *Ramings*

2.2.1 Ramings vir die huidige boekjaar is reeds vasgestel.

2.2.1.1 Die beraming vir die nuwe begroting gaan eers vanaf 1 Julie 2015 gedoen word.

2.2.1.2 Ramings word jaarliks deur die Bestuur van die Administratiewe Buro vasgestel tydens begroting.

Besluit: Punte 2.1.1 tot 2.2.1.2 kennis geneem (wysigings reeds aangebring – Deputate Handeling).

3. Sake waaroor die Sinode besluit

3.1 Dat die Streeksinodes self voorsiening maak vir die reiskoste na die Spesiale Algemene Sinode.

Besluit: Afgekeur.

3.2 Die finansiële implikasies vir die hou van 'n Spesiale Sinode, word na die Bestuur van die Administratiewe Buro verwys.

Besluit: Goedgekeur.